19. KULTUURBELEID:

INHOUDSOPGAWE:

Doelstelling

Visie

Missie

Aktiwiteite

Kultuurbeleid: Konsert

Kultuurbeleid: Eisteddfod

Kultuurbeleid: Visuele Kuns

Kultuurbeleid: Redenaars

Kultuurbeleid: Kore

Kultuurbeleid: Musiek

Kultuurbeleid: Kultuuraand

Kultuurbeleid: Kultuurbalkies

Kultuur: Sangsaal

Kultuurbeleid: Bybelvasvra

Kultuurbeleid: EE II

Kultuurbeleid: Musiekaand

19. KULTUURBELEID

Doelstelling

Om deur middel van Kultuur die opvoeding kwaliteite soos liefde vir taal, die kunste en deursettingsvermoë by die leerder aan te kweek en in te skerp.
Om aan elke deelnemende leerder erkenning te gee vir sy/haar deelname aan kultuuraktiwiteite binne en buite skoolverband.

Visie

Om geleenthede te skep vir leerders om aan kultuuraktiwiteite deel te neem.

Missie

Ons beoog ‘n skool wat:-

- leerders aanmoedig en aanspoor om hul talente ten volle te ontwikkel
- leerders voor te berei om onafhanklik te leer dink en op te tree, asook om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul besluite en optrede
- bestuur word deur vaste beginsels

“Die kultuur is die rustelose en vloeibare, die gedurige hervorming en herskepping van die geestelike waardes van die mens” (NP van Wyk Louw)

AKTIWITEITE

1. **Konsert**
2. **Eisteddfod**
3. **Visuele Kuns**
4. **Redenaars**
5. **Kore**
6. **Musiek**
7. **Kultuuraand**
8. **Kultuurbalkies**
9. **Sangsaal**
10. **Bybelvasvra**
11. **EE III**
12. **Musiekaand**

Kultuurbeleid: Konsert

1. Massa deelname as uitgangspunt.

2. Konsert vind elke 2de jaar plaas - alternatief met die Eisteddfod.

3. Klere: Elke graad bepaal sy eie behoeftes. Daar word van ouerhulp gebruik gemaak met die maak van kostuums.

4. Daar word nie met ‘n konsert na groot fondsinsameling gestreef nie, maar eerder om met baie min wins of gelykbreek die estetiese te bevorder.

5. Tydens die jaar van Eisteddfod hou die Graad R groep hul eie konsert.

Kultuurbeleid: Eisteddfod

1. Deelname aan Eisteddfod geskied elke 2de jaar wanneer Worcester hul eie Eisteddfod het. Leerders word dan vir alle afdelings deur die skool ingeskryf, maar die leerders betaal hulle eie inskrywingsgeld.

2. Eisteddfod deelname - individue en groepe, sluit in: kore (sang en spreek), voordrag, skryfkuns, musiek, kuns, drama, ens.

3. Deelname aan alle items geskied deur oudisies.

4. Geen spesiale oefentye word geskep nie en afrigting vind buite skoolure plaas.

5. Daar word van leerders verwag om altyd in volle skooldrag deel te neem en op te tree.

6. Daar word erkenning gegee aan presteerders tydens sangsaal. Wanneer leerders by ander Kunswedstryde toekennings ontvang, word dit ook erken.

Kultuurbeleid: Visuele Kuns

1. Die skool neem volskaals deel aan enige kunskompetisie geloods deur die gemeenskap en ook op Nasionale vlak - bv. SANTAM Kinderkuns.

2. Deelname geskied op terme en voorwaardes (wat hoeveelheid inskrywings insluit) gestel deur die betrokke instansie.

Kultuurbeleid: Redenaars

1. Worcester-Noord Primêre Skool neem volskaals deel aan die kompetisie wat deur die ATKV geloods word.

2. Uitdunne vind in graadverband plaas en die wat deurdring, neem tydens Sangsaal aan die skool se redenaarskompetisie in die voorgeskrewe

ouderdomsgroepe deel. Daar word van interne en eksterne beoordelaars gebruik gemaak.

3. Wenners van hierdie interne kompetisie dring deur na die eerste ronde van die ATKV Kompetisie. Die aantal leerders mag wissel n.a.v. die ATKV se reëlings vir die jaar.

Kultuurbeleid: Kore

1. Worcester-Noord Primêre Skool beskik oor ‘n Junior- en Seniorkoor.

2. Leerders word gekeur aan die hand van oudisies deur die Kooronderwyser.

3. Dit is ‘n eer om deel te wees van WNPS se kore en deelname aan die koor vereis pligsgetrouheid en uithouvermoë.

4. Oefeninge is 1 maal per week, of soos behoefte dit bepaal.

5. Kore sing by die Worcester Eisteddfod, tydens Kultuuraande en op uitnodiging tydens eredienste en ander koorfeeste.

Kultuurbeleid: Musiek

1. Aangebied deur gekwalifiseerde persone.

2. Opleiding in: Klavier, Blokfluit, Kitaar, Klawerbord.

3. Eksterne eksamens kan afgelê word by UNISA - ouers is verantwoordelik vir die inskrywingsgelde.

4. Leerders se name kom op ‘n waglys en indien daar ‘n opening ontstaan a.g.v. ‘n leerder wat staak, sal die opening uit die waglys gevul word. Leerders sal gekeur word deur ‘n eenvoudige toets.

5. Musiekgelde word jaarliks saam met die skoolfonds bepaal.

6. Musiekleerders moet akademies sterk genoeg wees, aangesien musiekonderrig tydens skooltyd plaasvind.

Kultuurbeleid: Kultuuraand

1. ‘n Kultuuraand word aan die einde van die tweede en derde kwartaal gehou.

2. Vir hierdie aande word leerders wat deurlopend goed presteer, genooi om deel te neem.

3. Toegang is gratis.

Kultuurbeleid: Kultuurbalkies

1. Kultuurbalkies word toegeken aan uitstaande kultuurprestasies.

2. Prestasies sluit in:
   UNISA - ererol
   Gemini - sangkompetisie-wenners
   Eisteddfod - medalje/afdelingswenners
   ATKV - redenaars wat tot by eindronde deurdring
   SANTAM - kalender kunstenaars

Kultuur: Sangsaal

1. Sangsaal vind Vrydae die laaste 2 periodes plaas.

2. Tydens sangsaal kry leerders die geleentheid om voor die skool op te tree en self in groepe die sangsaal-program vir die dag te reël.

3. Tydens hierdie periode ontvang ons ook eksterne toneelgroepe, sanggroepe, geestelike groepe ens.

Kultuurbeleid: Bybelvasvra

1. Neem jaarliks aan die Rapportryers se Bybelvasvra-kompetisie deel.

2. Dit strek oor 3 rondes vanaf April tot Oktober.

3. Een of twee spanne word ingeskryf na gelang van begroting en belangstelling.

4. Spanne word uitgesoek d.m.v. ‘n Algemene Kennis vraestel.

5. 4 Leerders met die hoogste telling word in die span opgeneem.

6. Enige graad is welkom om deel te neem.

Kultuurbeleid: EE III

1. Alle leerders het geleentheid om opgelei te word vir Evangelisasiewerk.

2. Gekwalifiseerde aanbieders word gebruik.

3. Sertifikate word uitgereik aan die wat die kursus suksesvol voltooi.

Kultuurbeleid : Musiekaand

1. Alle musiekleerders.
2. Musiekaand word in die vierde kwartaal gehou.
3. Toegang is gratis.

ONDERTEKEN TE **WORCESTER-NOORD** OP HIERDIE .....DAG VAN .....

.....
VOORSITTER - BEHEERLIGGAAM

.....
SEKRETARESSE - BEHEERLIGGAAM